Trudie se droom

Vanaand het Trudie
'n boek oor wilde diere
gelees. Later raak sy
aan die slaap en droom
sy oor die diere.


WILDE DIERE

Trudie droom dat sy 'n klomp gasballonne van verskillende kleure het. Sy vat al die ballonne se toutjies bymekaar en die ballonne help haar om op te styg. Liggies sweef sy by haar kamervenster uit!

Heel bo in 'n boom kom
Trudie 'n duif teë.

"Hallo, duif, woon jy hier?"
vra Trudie hom.

"Ja, dit is my nes," koer die
duif vir haar.

duif
nes



In 'n ander boom
ontmoet Trudie 'n aap.

"Hallo, apie, woon jy
hier?" vra Trudie hom.

"Ja, dit is my boom,"
koggel die aap.

aap

Naby die rivier sien Trudie 'n leeu en 'n jagluiperd.

"Hallo, mnr. Leeu en mev. Jagluiperd," groet sy hulle. "Woon julle hier?"

"Ja, ons leeus woon in die bos," brul die leeu. "Ons jagluiperds woon ook hier," grom die jagluiperd.


jagluiperd
leeu

'n Entjie verder kom Trudie 'n olifant en 'n renoster teë.

"Hallo, mev. Olifant en mnr. Renoster, woon julle hier?" vra Trudie hulle. "Ja, dit is ons tuiste," trompetter die olifant. "Ons woon ook in die bos," snork die renoster. "Ons ook!" piep 'n klein stemmetjie. Daar sit 'n mier op 'n klip. "Ons miere woon almal saam in 'n miershoop," sê die mier.

mier

renoster
olifant

By die rivier ontmoet Trudie 'n seekoei.

"Hallo, mev. Seekoei, woon jy hier?" vra Trudie haar.

"Ja, dit is ons rivier hierdie," bulk die seekoei. "Die waterskilpad woon ook saam met ons."




waterskilpad
seekoei
rivier

'n Entjie verder vlieg
Trudie oor 'n krokodil se kop.

"Hallo, mnr. Krokodil, woon jy
ook hier?" vra Trudie.

"Ja, en as jy nie wegvlieg
nie, eet ek jou op!" brom
die krokodil.

"Help! Help!" roep
Trudie bang.




krokodil

"Die krokodil gaan my eet!" roep Trudie.

"Wakker word, Trudie, dis net 'n droom," sê haar ma. "Dis tyd om op te staan en skool toe te gaan – dit is al sesuur."

Elke dag is 'n nuwe begin!



Trudie vertel haar ma van al die diere wat sy in haar droom ontmoet het.

"Party woon in bome, ander woon in die bos en party woon in die water," sê sy vir haar ma. "In my droom het ek bo-oor almal gevlieg."

Toe draf sy om die skoolbus te haal.

Groepleesaktiwiteite

1 Kyk na die prente van die diere wat Trudie teëgekom het. Sê wat elkeen se naam is. Sê ook waar elkeen woon.

2 Skryf die eerste woord van elke ry in jou klaswerkboek neer. Skryf dan die woorde in elke ry wat daarmee rym, langsaan neer.

staan	aan	saam	gaan
eet	weet	vergeet	lees
droom	woon	boom	soom
uur	duur	muur	meer
groet	ontmoet	roep	voet
dier	rivier	mier	sien
tou	toutjie	mou	vou
duif	kuif	kuil	wuif
klein	trein	brein	reis

3 Soek twee sinne in die storie met 'n punt ● en twee met 'n vraagteken ?.
Kopieer die sinne in jou klaswerkboek.

4 Doen hierdie aktiwiteit in jou klaswerkboek.

Teken 'n prent van een van die diere in die storie.
Skryf drie tot vier sinne oor die dier.



5 Maak 'n vingerpop

a. Teken die buitelyn van jou dierepop op 'n stuk papier en knip dit uit.
b. Gebruik jou kleurkryt om jou dierepop in te kleur.



c. Plak die rande van jou dierepop aan mekaar vas.
d. Sit die vingerpop op jou vinger en laat dit met jou maats se vingerpoppe praat.